education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## MODEL 2008

## MEMORANDUM

**Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.**

**VRAAG 1**

**Bespreek die volgende takke van Boeddhisme:**

**1.1 Theravada Boeddhisme (16)**
**1.2 Mahayana Boeddhisme (16)**
**1.3 Vajrayana Boeddhisme (18)**

- Boeddhisme kan in drie hooftakke ingedeel word, naamlik Theravada Boeddhisme, Mahayana Boeddhisme en Vajrayana Boeddhisme.

Theravada Boeddhisme
- Hierdie is die oudste skool van Boeddhisme.
- Dit is op die Pali Kanon gebaseer.
- Hierdie soort/tak van Boeddhisme word hoofsaaklik in Thailand, Laos, Sri Lanka, Myanmar, Kambodja en ander dele van Viëtnam en Maleisië aangetref.
- In hierdie tak word die Boeddha nie as ‘n goddelike wese beskou nie, maar eerder as ‘n menslike wese wat die geheim van verligting en die ontsnapping uit die kringloop van hergeboorte ontdek het.
- Theravada Boeddhisme leer dat die individu ‘n suiwer lewe moet leef, kalmte en vrede deur meditasie moet bereik en opperwysheid moet vind/bereik sodat hy verlig kan word.
- Baie monnike leef ‘n lewe van meditasie sodat hulle verlig kan word.
- Hulle leef in monnikekloosters, bedel vir kos en mediteer vir die grootste gedeelte van die dag.
- Die Theravada monnike help ook vir en werk saam met die leke tydens belangrike gebeure in die lewe soos troues, begrafnisse en geboortes.
- Leke in Theravada-gemeenskappe kan nie so dikwels soos die monnike mediteer nie, maar dit beteken nie dat hulle nie ‘n vol godsdienstige het nie.
- In Thailand moet alle mans vir ‘n sekere tydperk in hulle lewens by ‘n klooster aansluit.
- Die meeste godsdienstige praktyke van Boeddhisme word in die huis uitgevoer alhoewel daar ook individuele en gemeenskaplike meditasie en koorsang/dreunsang in die tempels is.
- Mense bring altaarofferhandes wat bestaan uit brood, wierook, kerse en blomme na die tempel, gewoonlik voor die Boeddha se standbeeld.

Mahayana Boeddhisme
- Hierdie tak van Boeddhisme het ontwikkel omdat sommige mense die Theravada Boeddhisme te moeilik gevind het om te volg.
- Die volgelinge sien Boeddha as ‘n voorwerp van toewyding/verering.
- Die Mahayana Boeddhiste leer dat daar baie Boeddhas voor Siddhartha Gautama was en dat daar nog baie in die toekoms sal kom.
- Hier word sulke Boeddhas as goddelike wesens wat na die aarde gekom het om met die mensdom se lyding te help, aanbid.
- Mahayana Boeddhisme het die konsep van Bodhisattva ontwikkel.
- ‘n Bodhisattva is ‘n persoon wat op grond van sy/haar eie meriete Nirvana kan betree, maar wat besluit om dit uit te stel sodat hy/sy ander mense kan help.

- Die Bodhisattva kan ook van hulle eie opgehoopte meriete willekeurig aan mense wat hulle aanbid, oordra.
- Hulle leer ook dat gewone mense goddelike wesens kan nader om hulle by te staan in hulle soeke na verlossing.
- Mahayana Boeddhisme is nie ‘n homogene groep nie, maar ‘n versameling van verskillende denkrigtings en praktyke.
- Daar is verskillende vorme van Mahayana wat ontwikkel het en wat verskeie doktrines en oortuiginge aanbied.
- Die beste bekende vorme in die weste is Zen Boeddhisme en Suiwer Land Boeddhisme.
- Elke groep word deur ‘n senior monnik gelei, dikwels bygestaan deur ‘n raad van ander senior monnike.

<u>Vajrayana Boeddhisme</u>

- Vajrayana Boeddhisme word ook die Diamant-voertuig genoem.
- Dit word ook Tibetaanse Boeddhisme of ‘Slegs Verstand’ (‘Mind-Only’) genoem.
- Dit word hoofsaaklik in Tibet, Nepal en Bhoetan aangetref.
- Dit is verwant aan Mahayana, maar word onderskei deur baie soorte spesiale tegnieke wat sy volgelinge gebruik om verhoogde toestande van bewussyn te ontwikkel.
- Dit leer dat ons verligting kan verkry deur radikale ‘skok’-tegnieke, nie deur die geduldige meditasie wat deur die Theravada en deur sommige Mahayana-takke beoefen word nie.
- Die gevorderde tegnieke in Vajrayana Boeddhisme kan ook oënskynlik vreemde en selfs antisosiale metodes insluit.

**[50]**

## VRAAG 2

**Bespreek die konsepte *goddelike inspirasie*, *mondelinge oorlewering* en *heilige boeke* in die konteks van verskillende godsdienste.**

<u>Inspirasie</u>

- Dit verwys oorspronklik na die asem (mag, kennis) van ‘n buitengewone wese of mag.
- ‘n Voorbeeld van die asem van ‘n buitengewone mag is ‘n goddelikheid wat in ‘n persoon ingaan en daardie persoon se eie asem neem.
- Inspirasie verwys na ‘n bestaanstoestand wat geïnspireer word deur skryf, iets te doen of om jouself tot ‘n spesifieke lewe of ondervinding te verbind.
- Inspirasie is ‘n baie betekenisvolle/belangrike normatiewe bron in verskeie godsdienste.
- Verskeie godsdienste het figure wat inspirasie van ‘n hoër mag of wysheid ontvang het.
- Daar kan na inspirasie verwys word as die ware oorsprong van alle godsdienste.
- Daar is baie godsdienstige figure wat baie geslagte volgelinge geïnspireer het.
- Voorbeelde van figure wat geslagte volgelinge geïnspireer het, is Abraham, Moses, Jesus, Christus, die Boeddha, Confucius, Mohammed en Baha’u’allah.
- Die woord ‘God’ word nie in sommige godsdienste gebruik nie, bv. Boeddhisme

en Confucianisme, hoewel hierdie godsdienste in een of ander hoër, dieper wysheid glo wat grootse figure geïnspireer het.
- Inspirasie vind vandag steeds plaas. Daar word daarna verwys as kontemporêre inspirasie.

Mondelinge Oorlewering/Tradisie
- Oorspronklike inspirasie word in baie gelowe gewoonlik eers deur mondelinge tradisie versprei.
- Die oorspronklike boodskap word mondelings van die een geslag na die ander oorgedra.
- Die oorspronklike boodskap word deur een persoon na die volgende oorgedra.
- Voordat skryf ontdek is, is godsdienstige tradisies mondelings oorgedra.
- Dit is waar dat hierdie tradisies met verloop van tyd ontwikkel en verander en aangepas word.
- ‘n Voorbeeld van ‘n godsdiens wat oor baie eeue heen ‘n mondelinge tradisie gedra het, is Afrika Tradisionele Godsdiens.

Heilige Boeke
- Skryf het in baie godsdienste ‘n baie belangrike rol gespeel.
- Baie godsdienste het Heilige Boeke ontwikkel, bv. die Koran, die Bybel, ens.
- Mondelinge tradisies kan parallel aan geskrewe tradisies geplaas word.
- Geskrewe heilige geskrifte word in baie godsdienste gevind en word grootliks gebruik.
- In baie gevalle bestaan Heilige Boeke nie as individuele geskrifte nie, maar as dele van groter versamelings.
- Die woord kanon verwys na ‘n algemene wet, reël of beginsel.
- Die versamelings Heilige Boeke word oor die algemeen kanons genoem.
- Daar is primêre en sekondêre heilige geskrifte.
- Sekondêre geskrifte is kommentaar op die primêre geskrifte. **[50]**

**VRAAG 3**

**Definieer die konsepte *leringe* en *geloof*, en verduidelik die rol daarvan in ‘n verskeidenheid godsdienste.**

Leringe (‘Teaching’)
- Lering kom van die woord ‘om te leer/onderwys’, wat beteken om kennis mee te deel.
- In die konteks van godsdiens beteken dit om sistematiese inligting oor ‘n onderwerp te gee.
- Die betekenis van godsdienstige lering veskil van godsdiens tot godsdiens.
- Lering is baie betekenisvol in sommige godsdienste en minder belangrik in andere.
- Leringe kommunikeer die dieper betekenisse van die wêreld en hoe die lewe te werk gaan.
- Leringe verduidelik waarom mense in die wêreld is.
- Leringe dek ook kwessies soos die aard van God, die aard en ‘n oorsprong van die bose, die goeie lewe en die oorsprong van die wêreld.
- Dit verskaf oor verduidelikings vir menslike bekommernisse.
- Die menslike bekomernisse waaroor mense dikwels geleer word, sluit kwessies oor die dood en die lewe na die dood in.

- In ander godsdienste kom leringe glad nie voor nie.
- Leringe is baie betekenisvol in die godsdienste wat gedurende die duisend jaar of meer voor die huidige era ontwikkel het.
- Leringe is ook baie belangrik hoofsaaklik in godsdienste wat gedurende die eerste duisend jaar of meer in die huidige era ontwikkel het.
- Oor die algemeen neig die godsdienste wat leringe gebruik daarna om helder, rasionele en sistematiese denke te beklemtoon.
- Voorbeelde van godsdienste wat leringe beklemtoon, sluit Hindoeïsme, Islam, Judaïsme, die Christelike geloof en Baha'i in.
- Leringe wat op sistematiese wyse aangebied word, speel nie heeltemal dieselfde rol in alle godsdienste nie.
- In sommige godsdienste, bv. die Christelike geloof, veral binne die konserwatiewe hervormde Christelike groepe, word sistematiese leringe as uiters belangrik beskou.
- In ander groepe, bv. charismatiese groepe, is daar minder klem op sistematiese leringe.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens speel lering in die sin van sterk gestruktureerde sistematisering nie 'n sentrale rol nie.
- Oor die algemeen is Boeddhisme minder geneig as die meeste Christelike groepe om sistematiese leringe te beklemtoon.
- In die godsdienste van jagter-versamelaar-gemeenskappe het lering in die formele sistematiese sin van die woord geen rol gespeel nie.
- Lering kan gebruik word om idees te verkondig.
- Lering is 'n benadering wat gebruik word om dit aan mense duidelik te maak wat hulle moet en nie moet dink en doen nie. Dit het dus 'n opvoedkundige funksie.

Geloof

- Die woord 'geloof' word soms as 'n sinoniem vir die woord 'godsdiens' gebruik.
- Geloof kan na 'n gevestigde beskouing verwys.
- Die konsep 'geloof' kan ook na die aanvaarding van die leringe van 'n bepaalde geloof in die godsdienstige konteks verwys.
- Geloof sluit normatiewe (voorskriftelike) aanvaarding van die leiringe in.
- Geloof in die sin van die siening van die wêreld, God en die mensdom speel 'n belangrike rol in alle godsdienste. **[50]**

**VRAAG 4**

**Ontwikkel 'n strategie vir die oplossing van enige groot sosiale/maatskaplike probleem in Suid-Afrika.**

Inleiding

- **[Die kandidaat kan enige groot sosiale/maatskaplike probleem kies.]**
- Die sosiale probleem wat in hierdie memorandum behandel gaan word, is armoede.
- Dit sal alle ander sosiale probleme verteenwoordig.
- Daar is verskillende sosiale probleme wat bespreek kan word.

Identifiseer en ontleed die probleem

- Mense wat nie in staat is om aan hulle familie se basiese behoeftes vir kos, onderdak, klere en mediese sorg te voldoen nie, word as arm geklassifiseer.

- In Suid-Afrika is die swart vroue en kinders die meeste toeganklik vir armoede.
- Suid-Afrika is een van die lande waar daar ongelyke verspreiding van rykdom is.
- Dit word gedeeltelik veroorsaak deur die erfenis van apartheid.
- Die apartheidsregering het die ekonomiese onderwerping van die swart mense afgedwing.
- Die meeste van die land is by die swart mense weggeneem en hulle is met slegs 13% daarvan gelaat.
- Die swart mense kon sekere werke nie doen nie aangesien daardie werke vir ander rassegroepe gereserveer is.
- Die swart mense is ook beperk om in sekere gebiede te woon slegs as gevolg van apartheidswette.
- Die swart mense het swak onderrig ontvang.
- Die bogenoemde faktore het bygedra tot die ekonomiese ongelykheid tussen swart en wit mense.
- Dit is baie maklik om in die kringloop van armoede vasgevang te word.
- Dit is waarskynlik dat die kinders van ‘n arm gesin onderrig van ‘n swak gehalte sal ontvang.
- Die swak gehalte van onderrig kan lei tot moeilikheid om behoorlike werk te vind.

<u>‘n Oorsig oor en oorweging van die beskikbare godsdienstige bronne</u>

- Die meeste godsdienste probeer om handeling te bevorder om die probleem van armoede te verlig.
- Baie godsdienstige mense glo dat dit hulle morele verantwoordelikheid is om armoede te beveg.

<u>Afrika Tradisionele Godsdiens</u>

- In die Afrika Tradisionele Godsdiens moedig die filosofie van *ubuntu* mense aan om diegene in nood te help en te deel wat hulle het sodat andere nie daarsonder hoef klaar te kom nie.
- ‘n Mandika-gesegde van Wes-Afrika lees soos volg: ‘As jy geen besigheid met enigiemand het nie/jou nie oor iemand anders ontferm nie, sal niemand enige besigheid met jou ook hê nie/hom ook oor jou ontferm nie.’

<u>Hindoeïsme</u>

- In die Hindoe-geloof word Karma gewoonlik die skuld vir ‘n mens se lyding gegee omdat die siening is dat hy/sy betaal vir die morele mislukkings in sy/haar vorige lewe.
- Sommige Hindoes gebruik hierdie argument as ‘n rede om nie die armes te help nie.
- Ten spyte hiervan gee Hindoes deur die jaar en ook gedurende sekere feeste vir liefdadigheid.
- Die Hindoe godsdienstige teks oor die stryd teen armoede: ‘Hy wat ruimhartig gee, gaan reguit na die gode; op die hoë rant van die hemel sal hy verheerlik word.’ Rig Veda 1.125.5

<u>Judaïsme</u>

- Liefdadigheid word in die Joodse geloof aangemoedig.
- In die Joodse huise is daar kollektehouers/-bokse waarin volwassenes en kinders

  aangemoedig word om geld te deponeer voordat hulle op hulself spandeer.
- ‘Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg

sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.' - Miga 6:8

- 'Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke. Die Here sal hom red op die dag van nood.' - Psalm 41:2

Die Christelike Geloof

- In die Christelike geloof stel Jesus die voorbeeld van hoe om 'n lewe van gee aan andere te leef.
- Terwyl hy op aarde was, het Jesus sy bekommernis oor minder bevoorregte mense getoon.
- 'Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.' - Lukas 6:38

Boeddhisme

- Vrygewigheid teenoor die behoeftiges is baie belangrik vir die Boeddhis.
- Die Boeddhiste word aangemoedig om aan die armes te gee.
- ' … Die wyse man verheug hom deur te gee en word daardeur gelukkig daarna.' - Dhammapada 177
- 'Die Boeddha het gesê: "As jy iemand sien wat gee, staan hom in vreugde by, en jy sal eindelose en groot seëninge ontvang." ' - Sutra van twee-en-veertig, afdeling 10.

Die praktiese stappe na 'n oplossing

- Die probleem kan op verskillende vlakke hanteer word.
- Dit kan op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak wees.
- Die nasionale regering kan beleid aanneem wat armoede aanspreek.
- Die regering kan met verskillende godsdienstige liggame werk om armoede te beveg.
- Dit kan armoedeverligtingsprogramme ondersteun.
- Die provinsiale regerings kan ook programme inisieer wat armoede aanspreek.
- Die provinsiale regerings kan beleid maak wat armoede sal hanteer.
- Hulle kan saam met godsdienstige gemeenskappe werk om armoede te beveg.
- Hulle kan fondse toeken om mense op te lei om vaardighede aan te leer wat hulle kan help om selfversorgend of geskik vir werk te wees.
- Die plaaslike regering kan met geloofsgemeenskappe werk om armoede te beveg.
- Die godsdienstige gemeenskappe kan ook saam met nieregeringsorganisasies werk om armoede te beveg.
- Die geloofsgemeenskappe moet beide die geestelike en fisiese behoeftes van hulle lede bevredig.
- Hulle kan ook vaardigheidsontwikkelingsprogramme en armoedeverligtingsprogramme ontwikkel.
- Hulle kan die kinders help wat vir die staatstoelae kwalifiseer.
- Die geloofsgemeenskappe kan met die sakemense saamwerk om gemeenskapsprojekte te vestig om die armes te help. **[50]**

**TOTAAL: 150**